DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie NUUSBRIEF

DIT IS HEERLIKE LENTE

1 SEPTEMBER 2023

BELANGRIKE DATUMS

(nuutste aangepaste datums)

31 Augustus: Centurion Kunstefees Redenaaars 14:00-17:00 saal
Krieket vs Midstream Ridge o/10A (tuis), o/11A (weg)

1 September: Hokkie dogters vs Pretoria-Oos te Girls High, o/13 seuns vs Glenstansia Primary (weg)
Krieket vs Midstream Ridge o/10B (tuis), o/11B (weg)

4 September: Tennis dogters vs Wierdapark (weg), Oop 1 Seuns vs Constantiapark (weg), Oop 2 Seuns vs Pta-Oos (tuis)

5 September: ***Liedjiefees*** – Geen huiswerk
GEEN KAARTJIE/GEEN TOEGANG
Hokkie vs Rooihuiskraal te H/s Zwartkop
Gr R uitstappie Farmyard

6 September: ***Liedjiefees*** – Geen huiswerk
GEEN KAARTJIE/GEEN TOEGANG
Hokkie vs Rooihuiskraal te H/s Zwartkop

7 September: ***Liedjiefees*** – Geen huiswerk
GEEN KAARTJIE/GEEN TOEGANG

8 September: **Lentedag/Bok-Vrydag**
Hokkie Seuns vs Swartkop te H/s Eldoraigne

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Die jonggroen van 'n eikeboom, dit is vir my lente – voeg hierby nog jangroentjiegroen, dan is dit mos eers lente.

Boerneef

PERSONEEL VERJAARSDAE

1 -10 September 2023

Me Annastien Jordaan, Madeleine Strydom, Suzelle Nothnagel, Mnr Philimon Matjila

LEERDER VERJAARSDAE

1-10 September 2023

Arderne Gabriëlle, Booysen Mianè, Bredenkamp Delinda, Engelbrecht Wian, Rademeyer Liam, Stopforth Lucien, Van Der Westhuizen Lejane, Claassens Eleana, Hertzog Colin, Buchanan Eira, Penwarden Genevieve, Pretorius Rudolf, Van Niekerk Pieter, Erasmus Jacques, Prinsloo Denise, Barnard Chanene, Grobler Markus, Jacobs Marochelle, Oosthuizen Joshua, Snyman Zurynah, Steyn Charl, Dorfling Alana, Owen Mikayla, Vermeulen CJ, Vosloo Lané.

BEMARKING:

Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking. Kontak haar gerus per epos: **sarie.3v@louisleipoldt.co.za**

LENTEDAG/BOK-VRYDAG:

Agv die Liedjiefees kleedrepetisie wat op Vrydag 1 September 2023 plaasvind, sal ons **Lentedag en Bok-Vrydag** vier op **8 September 2023.** Leerders dra Springbokhemp/groen/geel met lenteblomme in jou hare of om jou nek.

DIE LEIPIE SKATKIS (TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE):

Tweedehandse skoolklere word by Die Leipie Skatkis, (huis in Parkstraat), op Dinsdae en Woensdae vanaf 13:50-14:50 verkoop. **Die Leipie Skatkis sal volgende week gesluit wees. Heropen weer die week van 11 September 2023.**

SPORT KOMMUNIKASIE:

Let asb daarop dat geen sportreëlings verder op D6 geplaas gaan word nie. Slegs die "Team App" sal gebruik word vir sport. Laai asb die toepassing af om inligting te ontvang - www.teamapp.com

SOMERSKOOLDRAG:

Aangesien dit warmer word en lente oppad is, kan leerders begin om somerskooldrag te dra. Ons gee twee weke vir die oorgangsfase en alle **leerders dra vanaf 4 September 2023 ampetlik somersdrag.**

Leipie NUUSBRIEF 2

HOKKIE: vs Bakenkop - Seuns o/12 wen, o/13 gelyk.
KRIEKET: vs Midstream Ridge - o/10A wen.
LANDLOOP: Die volgende atlete is gekies vir die Gauteng Noord Span – o/8 Lea Bonneman, o/9 Leandri vd Bijl, Judah Cloete, o/10 Erich Horn, o/11 Anje Fowler, JC vd Bijl, o/12 Chenene Barnard, Lee-Hané Mienie, Mattias Kielblock, Elmar Kriel.

LIEDJIEFEES KAARTJIES:
Goue Sirkel kaartjies - R150 (uitverkoop)
Gewone kaartjies - R100 - Met 'n gewone kaartjie bring u self u en u gesin se stoele en kan enige plek sit in die aangeduide area op die rugbyveld.
NB!! Let asb daarop dat kaartjieverkope slegs vanaf 7:00-7:30 en 13:00-13:30 sal plaasvind agv veiligheidsredes. GEEN KAARTFASILITEIT.

SOMERSKOOLDRAG:
DOGTERS - Blou skoolrok, *Navy ski-pants* **wat nie uitsteek nie,** Swart skoolskoene met blou skoolkouse of kaalvoet, *Pullover* met skoolkleure (opsioneel).
LEIERDOGTERS: *Navy* rompie, Wit skoolhemp (langmou/kortmou), Leierbaadjie, Swart skoolskoene met *navy* kniekouse.
SEUNS: Donkergrys kortbroek, Grys kortmou hemp, Swart skoolskoene met grys skoolkouse of kaalvoet, *Pullover* met skoolkleure (opsioneel), Slegs swart belt mag gedra word.
LEIERSEUNS: Wit skoolhemp (langmou/kortmou), Grys kort- / Langbroek, leierbaadjie, Swart skoolskoene met skoolkouse.

VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:
Maretha's – 012 660 1118
Karen Erasmus (Eduwear) Hoërskool Centurion
084 721 8701

NUUSBRIEF:
Onthou asb om na www.louisleipoldt.co.za te gaan om te registreer om die weeklikse nuusbrief elektronies te ontvang.

D6 KOMMUNIKEERDER:
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Volg asb die skakel wat aan elke ouer per sms/e-pos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie.
NB! Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/e-pos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/e-posse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, aktiwiteite, byeenkomste, afrigting word op D6 geplaas. **Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie en buitemuurse aktiwitieit.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp-groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**

VERLORE KLERE:
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers **om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk,** dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal verkoop word.

AFKONDIGINGS VIR LEERDERS:
Neem asb kennis dat wanneer u items by die skool vir u kind afgee, afkondigings slegs voor die twee pouses gemaak word. Dit kan dus gebeur dat die periode waarvoor items afgegee is, dan reeds verby is. U kind moet asb ook self by die kantoor kom hoor of benodigdhede afgegee is.